Voorgelê aan en aangeneem deur die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) op 1/06/2022

# REGLEMENT VIR DIE BESTUUR VAN DIE FONDS VIR INNOVASIE EN NAVORSING OOR LEER EN ONDERRIG (Finlo)

## INLEIDING

Die Universiteit Stellenbosch (US) se Visie2040 verklaar dat dit ten doel het om "Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit" (bl 14) te wees, wat erkenning ontvang vir uitnemendheid, inklusiwiteit en innovasie om "kennis in diens van die samelewing te bevorder" (ibid). Die Strategiese Raamwerk 2019-2024 vereis netwerk- en samewerkende leer en onderrig wat "intellektuele weetgierigheid aanmoedig" en "vir impak navors". Die raamwerk vra verder vir "die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, maatskaplike, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing" as kern- strategiese temas. Dit bevorder ook die deurlopende hernuwing van akademiese programme wat die integrasie van leertegnologieë insluit.

Die Onderrig- en Leerbeleid 2018-2022 is daarop gemik om ŉ bemagtigende institusionele omgewing te bevorder, waar onderrig, leer, en assessering van gehalte regoor die studenteliggaam, die akademiese personeel, ondersteuningdiensafdelings en bestuursliggame kan floreer. Hierdie beleid voorveronderstel die beginsel dat onderrig, leer,en assessering van gehalte deur vakkundigheid onderlê moet wees. Die **Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL**)[1] en die kenniskorpus waardeur dit onderstut word, moet die professionalisering van akademici in hulle onderrigrol en die akademieskap van onderrig- en assesseringspraktyk onderlê. **Vakkundige universiteitsopvoeders** word van reflektiewe praktisyns onderskei deur hulle aktiewe betrokkenheid by AvOL, met die doel om onderrig- en assesseringspraktyk na te vors en dan daaroor te publiseer.

In ooreenstemming met hierdie strategiese dokumente en beleide van die US, is die Fonds vir Innovasie en Navorsing oor Leer en Onderrig (Finlo) daarop gemik om onderrig, leer en assessering vir dosente en studente te verryk deur die finansiering van onderrig-, leer- en assesseringsprojekte wat innoverend of navorsinggefokus is. Deurlopende steun deur die instelling is noodsaaklik vir die volhoubaarheid van die fonds (Finlo), wat onder toesig van die Finlo-komitee is.

## IMPLEMENTERING VAN DIE REGLEMENT

Die reglement sal deur die Sentrum vir Onderrig en Leer (SOL) geïmplementeer en bestuur word, met jaarverslae aan die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO).

## DEFINISIES

**Akademieskap** word beskou as die koppeling van praktyk aan teorie, en teorie aan praktyk, vasgevang deur die dimensies van ontdekking, integrasie, toepassing en onderrig (US O&L-beleid 2018-2022)**.**

**Akademieskap van Onderrig en Leer (AvOL)** verwys na ŉ breë kenniskorpus wat oorspronklik spruit uit invloedryke werk deur Boyer (1990), wat uit die idee van akademieskap put om die vals tweeledigheid tussen onderrig en navorsing te oorbrug (US O&L-beleid 2018-2022).

**Innovasie** word beskou as die bekendstelling van ŉ nuwe onderrigstrategie, -benadering, -idee, -metode, of -toestel met die doel om te verryk en om "kwantifiseerbare wins" vir studenteonderrig, leer en assessering te lewer. Evaluering van die voorgestelde innovasie is noodsaaklik om aan te dui of die idee, metode of toestel wel onderrig, leer en assessering verryk het.

## DOEL VAN DIE REGLEMENT

Die reglementdokument dien as ŉ rigtinggewende en stawende dokument vir die bestuur van die Finlo-aansoek- en toekenningsprosedures aan die US.

Finlo steun die institusionele doelstellings om ŉ omgewing aan te moedig en te skep wat bevorderlik is vir onderrig-, leer- en assesseringsinnovasie met ŉ evalueringskomponent. Dit steun ook hierdie doelstellings met betrekking tot die akademieskap van onderrig, leer en assessering.

Die doel van die Finlo is om finansiële steun te verskaf aan dosente, departemente of programme, ten einde:

- die waarde van onderrig aan die instelling te demonstreer;
- ŉ navorsinggebaseerde benadering tot onderrig, leer en assessering aan te moedig;
- akademici te ondersteun om hulle onderrig en assessering te verryk en/of te verander;
- AvOL aan die US te ondersteun; en
- akademici te help om hulle onderrig, leer en assessering doeltreffend te innoveer of na te vors.

## DOELWITTE VAN DIE REGLEMENT

Die doelwit van die reglement is om die doel van die Finlo en die bestuur van die fonds uiteen te sit, en om volhoubare finansieringsbronne te identifiseer.

---

[1] AvOl verwys na ŉ breë kenniskorpus wat oorspronklik spruit uit invloedryke werk deur Boyer (1990), wat uit die idee van akademieskap put om die vals tweeledigheid tussen onderrig en navorsing te oorbrug.

**BEGINSELS VAN DIE REGLEMENT**

Hierdie reglement maak voorsiening vir maatreëls om die navorsing en innovasie van onderrig, leer en assessering te verryk deur die verskaffing van finansiële steun vir:

i) Longitudinale navorsingsprojekte; en
ii) Korttermynnavorsings-/innovasieprojekte.

Finansiering sal met die aard van / soort projekvoorstelle ooreenstem.

Die verpligting tot en verantwoordelikheid vir die besluit oor die finansieringsbedrag, wat sal afhang van die beskikbare fondse, berus by die Finlo-komitee. Die komiteebesluite word in ooreenstemming met die Finlo-riglyne en die haalbaarheid van elke aansoek geneem.

**BEPALINGS VAN DIE REGLEMENT**

Nuwe Finlo-komiteelede sal deur die huidige Finlo-komitee benoem word. Dit sal uit lede van die Afdeling vir Leer- en Onderrigverryking en fakulteitslede bestaan. Nuwe lede sal deur die Viserektor: Leer en Onderrig goedgekeur word.
Die Finlo-komitee sal jaarliks aan die Komitee vir Leer en Onderrig (KLO) verslag doen.

**Implementering van die Finlo**

Daar sal twee maal per jaar, in Mei en November, om voorstelle gevra word. ŉ Brief van die Finlo-komitee via die Finlo administratiewe kantoor sal alle fakulteite via die dekane van die fonds in kennis stel.

Die SOL sal, waar moontlik, ondersteuning in die vorm van konsultasies, identifisering van kenners en skryfslypskole bied met die skryf van voorstelle, en ondersteuning met die verspreiding van enige bevindings.

**Keuring van voorstelle**

Vereistes vir voorstelle wat deur die Finlo-komitee oorweeg sal word:

- Dit moet via die aansoekstelsel ingedien word, soos in die Versoek om Voorstelle aangedui;
- Dit moet deur een brief van die hoof van die departement/dekaan/direkteur, sowel as een brief van die Visedekaan: Onderrig en Leer bekragtig word (die goedkeurende persoon mag nie ŉ mede-aansoeker wees nie);
- Dit moet die beoogde uitkoms(te), werksaamhede, tydsverloop, begroting, name en rolle van alle betrokke partye aandui;
- Dit moet die waarde van die projek vir die betrokke module, program, fakulteit of die universiteit demonstreer, en ook die moontlike waarde vir ander dosente, modules of programme aan die universiteit;
- Dit moet aandui hoe die bevindings binne die US en/of by streeks- en/of internasionale werksessies of konferensies versprei sal word;

- As dit as *Innovasie* gemerk is, moet dit demonstreer hoe dit geëvalueer en in stand gehou sal word (as die projek suksesvol is);
- As dit as *Navorsing* gemerk is, moet dit ’n teoretiese raamwerk, navorsingsontwerp en bevindings insluit; en
- Dit moet ’n logiese verwantskap tussen die behoefte of probleem, die voorgenome werksaamhede en die beoogde uitkoms(te) demonstreer.

Dit is aansoekers se verantwoordelikheid om die nodige etiese goedkeuring te bekom, voordat daar met die projek begin word. Nuwe voorstelle deur vorige aansoekers sal slegs oorweeg word, indien verslae oor vorige projekte betyds ingedien is.

Die komitee sal probeer om voorstelle uit ’n verskeidenheid dissiplines, fakulteite en soorte innovasie/navorsing te kies, maar sal nie vooraf spesifiseer hoeveel voorstelle in totaal gekies sal word, of die aantal voorstelle per fakulteit nie.

**Soorte werksaamhede wat deur die Finlo ondersteun word**

Werksaamhede wat deur fakulteite, departemente, programme of samewerkende of individuele dosente ontwerp is, kan deur die Finlo ondersteun word. Hierdie werksaamhede moet daarop gemik wees om ’n aspek van onderrig en leer te ondersoek, of ’n innovasie vir die verryking van ’n aspek van onderrig en leer te bedink. Die innovasie of ondersoek kan ’n hele module, of ’n komponent daarvan, teiken.

Die volgende is illustrerende voorbeelde van aspekte van onderrig en leer wat die fokus van ’n voorstel kan wees:

- Onderrig-, leer- en assesseringsmetodes in groot of klein klasse;
- Gebruik van teksgebaseerde hulpbronne of multimedia;
- Nuwe assesseringsmetodes;
- Strategieë vir veeltalige onderrig, leer en assesseering;
- Spanonderrig;
- Die integrering van graduandi-eienskappe in inhoudspesifieke kursusse;
- Reflektiewe onderrigmetodes;
- Eweknie-onderrig;
- Ondersoeke na uitdagings wat in spesifieke programme of kursusse ervaar word; of
- Nuwe metodes vir die ondersteuning van leer in studentekoshuise en/of studentegemeenskappe.

**Fondse mag gebruik word vir:**

- inkontraktering van onderrig-, leer- of assesseringskundigheid;
- die betaling van ’n plaasvervangerdosent, sodat die hoofnavorser (HN) die innovasie en/of navorsing kan onderneem;
- transkripsiekoste;

- aankoop van toerusting of programmatuur, as dit noodsaaklik vir die suksesvolle implementering van die projek is; versoeke om toerusting moet gemotiveer word en kwotasies insluit; die fonds sal sodanige versoeke slegs dek tot en met ŉ bedrag soos deur die Finlo-komitee bepaal, en slegs as gedemonstreer kan word dat dit noodsaaklik vir die sukses van die voorgenome projek is; ter wille van volhoubaarheid moet bates en toerusting ingevolge die standaardprosedure in die HN se omgewing aangekoop, geregistreer en bestuur word; ná afhandeling van die projek moet die bates vir algemene gebruik in die fakulteit beskikbaar gestel word; as die gevolglike bedrywighede van die projek alledaagse sake sou wees, moet die toerusting uit die fakulteitsfondse gefinansier word;
- tutors/studenteassistente;
- vertaaldienste wat as noodsaaklik vir die verryking van die studente se leer- en assesseringservarings bewys is;
- ander haalbare uitgawes wat vir die sukses van die projek nodig is;
- redigeringskoste van Finlo-gefinansierde navorsingsreferate; en
- vaktydskrifgelde vir Finlo-gefinansierde referate.

**Fondse mag nie vir die volgende gebruik word nie:**

- reiskoste na, registrasiekoste en bywoningskoste van konferensies;
- vertaaldienste vir alledaagse sake;
- meester- en doktorale studie;
- voorstelle vir die implementering en/of ontwerp van kortkursusse wat derdestroominkomste sal genereer;
- betaling aan die aansoeker of medeaansoeker(s) vir navorsingswerk wat onderneem word (voltydse US-personeel);
- betaling aan die aansoeker of medeaansoeker(s) vir werk wat onderneem word (kontrakpersoneel vir hulle normale werksure);
- betaling van ŉ hoofnavorser wat terselfdertyd by meer as een aansoek betrokke is; en/of
- terugwerkende betaling vir werk wat reeds gedoen is.

**Aanvang van goedgekeurde projekte en opname van fondse:**

Waar goedgekeurde projekte nog nie begin het, of toegekende fondse nog nie opgeneem is voor die volgende Versoek om Voorstelle nie, sal die toegekende fondse by die begroting van die jongste versoek gevoeg en daaruit betaal word. Verdere besonderhede word in die Versoek om Voorstelle uiteengesit.

**KONFLIKRESOLUSIE**

Konflik ingevolge hierdie reglement moet binne die strukture van die universiteit opgelos word.

**BEHEER VAN DIE REGLEMENT**

In die geval van nienakoming – d.w.s. geen bewys van etiese goedkeuring, die projek is steeds onafgehandel ses (6) maande ná die voorgenome afhandelingsdatum, misbruik van fondse, versuim om vorderings- en eindverslae in te dien, of die verbreking van enige van die vasgestelde kriteria – behou die komitee die reg voor om die volle of ŉ gedeelte van die bedrag wat aanvanklik toegeken is, terug te trek.

**VERWANTE DOKUMENTE**

| Itemnr | Dokumentnaam | Status (bv. geïdentifiseer, in proses, goedgekeur) |
|---|---|---|
| | Voorstel vir die Bestuur en Finansiering van die Fonds vir Navorsing en Innovasie oor Leer en Onderrig (Finlo) | Goedgekeur 2022 |
| | Visie2040 en Strategiese Raamwerk 2019-2024 | Goedgekeur 2018 |
| | Onderrig- en Leerbeleid 2018-2022 | Goedgekeur 2018 |
| | Riglyne oor Onderrig- en Leermateriaal | Goedgekeur 2016 |
| | Boyer, E.1990. *Scholarship Reconsidered – Priorities of the Professoriate.* Princeton University Press, Princeton Pike 3175, Lawrenceville, NJ08648 | |